

4

KRUISIGING

Jesus sterf onskuldig

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus onskuldig gekruisig is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat Jesus gekruisig is al het Hy geen skuld gehad nie.
- Jesus is begrawe omdat Hy werklik gesterf het.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus bereid was om so vir ons sonde te sterf.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die verhaal van Jesus se verskriklike lyding en kruisiging kan vertel.

MEER INLIGTING (Markus 15: 1-47)

Judas het vir Jesus verraai en Petrus het Hom verloën en al sy dissipels het Hom in die steek gelaat. Daarna het die mense Jesus gevange geneem en Hom voor die Joodse Raad laat verskyn. Toe stuur hulle Hom na Pilatus voor wie Hy verder verhoor is. Pilatus was die goewerneur van die Romeinse Ryk in die provinsie Judea. Die Jode wóú Jesus doodmaak, al kon hulle nie regtig 'n rede vind nie. Tog het hulle aanhou skreeu *Kruisig hom*, totdat Pilatus Hom aan hulle uitgelewer het. Pilatus was bang dat die Jode hom by die keiser sou aankla as

hy verkeerd sou optree. Al het hy Jesus onskuldig bevind, het hy Hom aan die Jode oorgegee om gekruisig te word (Markus 15: 15). Wanneer 'n mens die verhaal van Jesus se dood lees, besef jy dat Hy onskuldig aan die kruis gesterf het.

Voordat Jesus gekruisig is, is Hy eers deur die soldate verneder en bespot. Hulle het 'n doringkroon vir Hom opgesit en met Hom die spot gedryf. Hulle het gesê: *Ons groet u, Koning van die Jode!* So het hulle probeer om Jesus belaglik te maak. Boonop het hulle Hom met 'n stok oor die kop geslaan. Hulle het op Hom gespoeg. Om te dink dat Jesus Christus al dié vernedering moes beleef oor óns sonde!

Hulle het Jesus toe na Golgota toe gevat en Hom gekruisig. In daardie tyd is net rebelle, rowers en moordenaars so in die openbaar gekruisig. Hulle het Jesus soos 'n misdadiger behandel.

Mense wat gekruisig word, sterf nie dadelik nie. Dit is 'n ontsettende, verskriklik pynlike dood. Dit is 'n marteldood. En terwyl Jesus aan die kruis besig was om te sterwe, het hulle Hom nog verder bespot en beledig.

Toe Jesus sterf, het dit donker geword in die middel van die dag. Die gordyn in die tempel het van bo na onder middeldeer geskeur. 'n Romeinse offisier wat reg voor Hom gestaan het, het toe gesê: *Hierdie man was werklik die Seun van God.*

Josef van Arimatea, 'n lid van die Joodse Raad, het Jesus se liggaam van die kruis afgehaal en Hom in linne toegedraai. Hy het sy liggaam in 'n graf wat in rots uitgekap was, gaan neerlê.

Eintlik is dit ons wat skuldig is. Dit is oor ons sonde dat Jesus gekruisig is. Onskuldig het Hy in ons plek vir ons sondes geboet. Maar die kruisdood van Jesus beteken vir ons dat ons sonde vergewe is. Ons gedagtes, alles wat ons sê en doen, moet gedurig daarvan getuig dat ons dankbaar is teenoor God.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Invulvraestel, een vir elke groep. (Kyk by IETS OM TE DOEN hieronder.)
- 'n Boekmerk op karton – een vir elke kind.
- 'n Afskrif van 'n kruis, groot genoeg om op die boekmerk te pas en genoeg spasie om die volgende te skryf: **Jesus het vir my sondes gesterf. Ek moet dankbaar wees.**

KOM ONS BEGIN

Een van die kinders open met 'n gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Mense wat moord pleeg en ander mense beroof, moet gestraf word vir hulle oortreding. In sommige lande kry mense wat moord pleeg doodstraf. In ons land kry rowers en moordenaars tronkstraf, in sommige gevalle lewenslange tronkstraf. Verduidelik vir die kinders wat doodstraf beteken. Net mense wat *skuldig* is aan 'n sekere oortreding, kry doodstraf of tronkstraf. Onskuldige mense word nie gestraf nie. Vra vir die kinders of hulle dink dat Jesus skuldig was en gestraf moes word.

IETS INTERESSANT

Jesus het gelewe toe die Romeine die wêreld regeer het. Om gekruisig te word, was 'n manier waarop die Romeine moordenaars en rowers doodgemaak het. Omdat hulle slegte dinge gedoen het, moes hulle in die openbaar aan 'n kruishout gehang word. Al die mense kon dan sien wat gebeur met rowers en moordenaars.

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende sake:

- Pilatus kon Jesus nie skuldig bevind aan enigiets nie.
- Die Jode wou dit nie aanvaar nie.
- Pilatus het Jesus uitgelewer om doodgemaak te word.
- Barabbas, wat 'n moordenaar was, word vrygelaat, en Jesus, wat nog nooit enigiets verkeerd gedoen het nie, word doodgemaak.
- So gebeur dit dat Jesus onskuldig 'n verskriklike kruisdood sterf.
- Hy het in ons plek vir elkeen van ons se sondes betaal.
- Dit beteken dat ons sondes nou weggeneem of vergewe is.
- In ons gedagtes en met alles wat ons sê en doen, moet ons dankbaar wees dat Jesus bereid was om vir ons sondes te sterf.

IETS OM TE DOEN

Snelvuurspeletjie

- Verdeel die kinders in groepe, minstens een kind uit elke graad in 'n groep.
- Laat hulle met oop Bybels 'n snelvuurspeletjie speel uit Markus 15: 1- 47.
- Jy gee 'n teken en hulle begin dadelik. Hulle kry vyf minute tyd.
- Gee vir elke groep 'n vraestel.
- Neem na presies vyf minute die antwoorde in. Kontroleer die antwoorde; die groep wat die meeste antwoorde reg het, wen.

Vraestel

- Aan wie het die Joodse Raad Jesus uitgelewer ?
- Tydens watter fees het Pilatus een gevangene op die mense se versoek losgelaat?
.....
- Die mense het gevra om iemand los te laat uit die tronk. Wie het hulle gekies?
.....
- Hoekom het Pilatus vir Barabbas vrygelaat?
.....
- Wat het die soldate gevleg?
- Noem die maniere waarop hulle Jesus bespot het.
- Wie het Jesus se kruis gedra?
- Waarheen het hulle vir Jesus geneem?
- Wat beteken *Golgota*?
- Wat het die soldate met Jesus se klere gemaak toe hulle Hom kruisig?
- Om watter rede het hulle Hom gekruisig?
- Wie is saam met Jesus gekruisig?
- Wat het Jesus teen drieur uitgeroep?
- Wat het die offisier gesê wat Jesus gesien het toe Hy sy laaste asem uitgeblaas het?
.....
- Wie was die vroue wat op 'n afstand gestaan het?

Antwoorde

1. Aan Pilatus.
2. Paasfees.
3. Barabbas.
4. Om die mense tevrede te stel.
5. 'n Doringkroon.
6. Met 'n stok oor sy kop geslaan, gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys.
7. Iemand wat verbygekom het, Simon van Sirene.
8. Na die berg Golgota.
9. Kopbeenplek.
10. Hulle het sy klere onder mekaar verdeel.
11. Omdat Hy gesê het dat Hy die Koning van die Jode is.
12. Twee rowers.
13. *Eloï, Eloï, lemá sabagtani?* – Dit beteken: *My God, my God, waarom het U My verlaat?*
14. *Hierdie man was werklik die Seun van God.*
15. Maria Magdalena, Maria en Salome.

Laat hulle die volgende in die klas doen:

- Gee vir elke kind 'n boekmerk en 'n afskrif van 'n kruis.
- Laat hulle die kruis op die karton plak en dit versier.
- Laat hulle die volgende op die boekmerk skryf: **Jesus het vir my sondes gesterf. Ek moet dankbaar wees.**
- Laat die een graad se kinders hulle boekmerke ruil met 'n kind uit 'n ander graad.

Verduidelik aan die kinders dat hulle daarmee bevestig dat hulle ook UIT DANKBAARHEID MEKAAR gaan vergewe soos Jesus ons vergewe het.

BY DIE HUIS

Belangrik vir die kategeet: Tref nou reeds reëligns vir Les 6 se besoek aan bejaardes.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

Wie het vir Jesus aan die mense uitgelewer om gekruisig te word?	Pilatus.
Hoekom is Jesus begrawe?	Omdat Hy werklik gesterf het.
Hoekom moet ons dankbaar wees?	Omdat Jesus vir ons sondes gesterf het.
Hoe het die mense Jesus gespot en verneder?	Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek, 'n doringkroon gevleg en op sy kop gesit, Hom met 'n stok oor die kop geslaan, Hom gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys.

Op watter berg is Jesus gekruisig?	Op Golgota.
Hoeveel misdadigers is saam met Jesus gekruisig?	Twee misdadigers (rowers).
Het Jesus gely?	Ja, dit was 'n marteldood.
Nadat Jesus sy asem uitgeblaas het, het 'n soldaat iets gesê. Wat het hy gesê?	<i>Hierdie man was werklik die Seun van God.</i>
Wie het Jesus se kruis gedra?	Simon van Sirene.
Wie het Jesus begrawe?	Josef van Arimatea.
Het Jesus skuldig gesterf?	Nee, Jesus is onskuldig gekruisig.
Wat beteken Jesus se kruisiging vir ons?	Die kruisdood van Jesus beteken vir ons dat ons sonde vergewe is.
Hoe moet ons lewe getuig noudat ons weet dat Jesus bereid was om vir ons sondes te sterf?	Ons gedagtes, wat ons sê en doen, moet getuig van ons dankbaarheid.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 245: 1 en 3 (verkort) as 'n gebed.

*Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het,
sing dankbaar my verlossinglied.
U weet hoe ek na U verlang het –
U het u guns my aangebied.
Ek loof en prys U deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid.*

*O God wat ryk is aan ontferming,
weerhou genade nooit van my,
maar hou my steeds in u beskerming –
by U sal ek vir altyd bly!
Ek loof en prys U deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid,
Amen.*